**29 Desember**

## Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop

**Skrifgedeelte: Klaagliedere 3:18-33**
**Fokusgedeelte: Klaagliedere 3:25-27**

Jy bloei so baie keer na binne – ander weet daar min of niks van. Maar, die Here is goed vir wie op Hom bly hoop (vs 25). Die wonder is – en dit is die wonder van die genade! – dat God se daad nie net ons daad *kruis* nie, maar ook *deurkruis* ... en van die minus ’n plus maak. Ons moet ons daarop toelê om met hierdie perspektief na ons lewe te kyk.

Hou in die geloof daaraan vas dat jou tye in God se hand is (Ps 31:16). God se raadsplan ontvou in jou lewe, al is dit ’n ompad en ’n steil pad. By terugskouing sien ’n mens dikwels hoe God se hand tog in jou lewe is. Daar is ook die dinge wat jy eers in die hiernamaals sal verstaan wat werklik die sin en die doel van alles was. Sien die groter prent en landskap van jóú lewe en dié lewe raak.

Ons moet leer om gelowig op God se tyd te wag en op Hom te bly hoop. Op sigself maak die wêreldgeskiedenis en my eie geskiedenis nie sin nie. Maar God gee daaraan sin. Dié wat op die Here vertrou … kry nuwe krag, uitsig en insig. Vertroue op die Here. Hy gee geloofstamina en geloofsuurstof om die lewenswedloop te voltooi. *“Hy gee die vermoeides krag. Hy versterk die wat nie meer kan nie”* (Jes 40:29).

Die Christelike hoop ontvou die horison op ’n winkende toekoms. Koester hierdie ryk en diep gedagte!

*Sing: Psalm 25:4, 6 (Totius)* *Dr. Pieter Bingle (Emeritus)*